Dít was nou lekker!

Die Beeld-vakansieskou is altyd een van die hoogtepunte van die jaar hier by *WegSleep*. Daar's verskeie redes hiervoor, maar op 'n manier voel dit 'n bietjie soos wanneer 'n mens een keer per jaar vir 'n spesiale vakansie na 'n gunstelingkampplek gaan en dan al jou bekende vriende en familie daar raakloop.

Agt jaar gelede, terwyl ek die eerste keer daar tussen die woonwaens en boswaens deurgeloop het, het ek die nuus gekry oor die verkoopsyfer vir die eerste alleenstaande uitgawe van *WegSleep*. Dit het almal se verwagtings oortref en uit die staanspoor meer as ons mededingers verkoop.

Sedertdien het die tydskrif bly groei en ontwikkel en die skou het 'n maatstaf geword waarteen 'n mens dit kan meet, amper soos die deurkosyn waarteen jou ma jou elke jaar laat staan het om te kyk hoeveel jy sedert die vorige jaar gegroei het.

Dis nie net 'n maatstaf vir *WegSleep* nie, maar ook vir die ganse Suid-Afrikaanse kampbedryf. Oor die jare het ons uitstallers en handelsname sien kom en gaan. Party het helaas nie die pyp gerook nie en sommige doen nog sake, maar woon om ander redes nie meer die skou by nie. Die meerderheid het egter bly groei en gaan van krag tot krag. Daar was vanjaar sommer 'n hele gros splinternuwe woonwa- en boswamodelle te sien. (Meer daaroor op bl. 62.)

Dis lekker om hierdie bekendes elke keer by die skou te sien en te gesels oor die hoogte- en laagtepunte van die voorafgaande jaar en ook om hulle perspektief en insigte op die bedryf te hoor.

Verlede jaar het almal maar noustrop getrek, maar dit wil voorkom asof die meerderheid dit eens is dat 2015 meer belofte inhou.

Die heel lekkerste deel van die skou is egter om mense soos jy te ontmoet wat elke maand hierdie tydskrif lees. Daar's altyd ou bekendes wat kom dag sê – mense soos Roger en Letitia Ford wat ek



laasjaar in die Noord-Kaap ontmoet het terwyl hulle met hulle ryhuis deur die land getoer het. Ek het ook weer vir Nico Prinsloo gesien. Vir hom het ek ses of sewe jaar gelede die eerste keer ontmoet op een van *WegSleep* se forumsaamtrekke. Pieter Rheeder, wat in 2010 by Aardklop om die spitbraai saamgekuier het, was ook daar en so ook Gibson Calitz wat ons boswa-ontwerpkompetisie in 2012 gewen het – die lys is eindeloos.

Dan was daar natuurlik ook nuwe gesigte soos Gert Crous, Adré Bernhardt, Tokkie Bodenstein en 'n hele rits ander wat kom blad skud en gesels het.

Dit was heerlik om almal te ontmoet. Dankie dat julle die moeite gedoen het om by ons stalletjie te kom inloer en 'n geselsie aan te knoop! Ons is van 3-11 April by die KKNK op Oudtshoorn, dan maak ons weer so.

Groete tot volgende maand.

Zigi

REDAKTEUR